DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

21 Junie 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

Lees: Openbaring 3: 1 – 6
Teks: Openbaring 3: 1 – 6
Tema: 'n Rustige lewe is nie noodwendig goed vir ons nie

Geliefde broers en susters, Sardis was een van die spogstede van die Antieke tyd. In die NT tyd was die stad al 1000 jaar oud en was dit 'n rustige plek met vooruitstrewende landboubedrywighede en 'n goeie tekstiel bedryf. Die stad is 2 keer deur 'n verrassingsaanval ingeneem en dit was elke keer omdat hulle aan die slaap gevang was. Hulle het swak militêre dissipline geopenbaar. Hulle was in baie sake nalatig/agterlosig. Hulle het baie keer dinge begin, maar nie klaar gemaak nie. Daar was 'n tempel wat vir Artemis gebou is en wat vir jare onklaar en half gebou gestaan het - as 'n teken van hulle slapheid en luiheid.

Dit was dieselfde karaktertrek in die gemeente. Hulle het in 'n wonderlike en ryk stad gebly. Alles was ideaal, maar tog het hulle gesterf terwyl dit gelyk het asof hulle lewe. Hulle het 'n goeie reputasie gehad en na buite het alles goed gelyk. Hulle was lui en het nie genoeg omgegee nie. Die stad het nie soos die Christene geword nie, maar die Christene het soos die mense van die stad geword!

Die grootste probleem met die gemeente was dat hulle hulle vuur vir die Evangelie verloor het. Daar was nie meer passie vir Christus in hulle harte nie. Geestelik het hulle in slaap verval. Christus se selfopenbaring beteken dat Hy die Heilige Gees aan die gemeente gee om hulle lig te laat skyn. Hy hou die leraar en die gemeente vas. Hier is niks goed in die gemeente nie. Alles het goed geloop – die Bybel is gepreek, ouderlinge het huisbesoek gedoen en die gemeente goed bestuur, die diakens het hulle werk gedoen, maar innerlik was die lewend dood!

Wat 'n geweldige woord van die Here. Die gemeente moet weer by ware en eerlike aanbidding uitkom. Jy is nie gelowig omdat jy in 'n erediens is nie, jy is nie gelowig omdat jy nagmaal gebruik of jou kinders laat doop nie. Jy moet God dien met jou alles. Daarom roep die Here die gemeente tot bekering. Die skitterende lig van God se Heilige Gees se werking moet uitstraal. Elke lidmaat moet 'n werktuig van die Here wees, en hulle gawes waardeer en benut.

Die Here kom in liefde om hulle weer aan die gang te sit om 'n lewende, getuigende gemeente te wees. Want daar was gelowiges in die gemeente wat nie hulle klere besoedel het nie; hulle het nie vergeet waar hulle begin het nie. Hulle was konsekwent in hulle toewyding aan die Here – hulle het onthou en was nie lui of lam nie. Die klein groepie het die suiwer Woord bewaar en alleen daarna geluister. Hulle is waardig om in wit klere te leef – hulle was nie sondeloos nie, maar getrou aan die Here. Die wat oorwin by die wederkoms sal as gereinigdes en geheiligdes in die bloed van die Lam voortleef.

Die Here werk anders as mense verwag. Hy begin met 12 en werk vandaar na die massa. Ook wat die missionale werk betref. Soms begin die Here met 3 of 4 en maak uiteindelik die groot verskil in 'n gemeente. Daarom moet ons bid dat ons sal onthou waar ons begin het as gelowiges. Hoe ons ons eerste geloofstreë gegee het.

Die Here het 'n onveranderbare register, die name wat Hy in die lewensboek skryf is onuitwisbaar.

Die Here herhaal die belofte van Mat 10: 32 – "Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal ek ook bely voor my Vader wat in die hemel is." Jesus is nie skaam as Hy ons name in die hemel bely nie, al is ons vol sonde. Lees ook Lukas 9: 26, Hebreërs 2: 11 en 11: 16.

Laat ons luister na wat die Gees vir ons in hierdie getuigskrif openbaar. As alles rustig is, is dit nie noodwendig goed nie. Moenie soos die stad wees nie.

Hier is 'n kaart met die ligging van die 7 gemeentes in die Romeinse provinsie van Klein-Asië.




Voorbeelde van muntstukke met 'n afbeelding van die Keiser daarop



## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse. Hy het baie pyn in sy bene. Die koue maak die pyn meer intens. Ons is dankbaar dat die infeksietelling afgekom het na die behandeling.
* Baie geluk aan Gideon en Annemie de Klerk met die geboorte van kleindogter Lente. Geluk aan Riadri en Wihan vd Riet en sterkte met die grootmaak van julle babatjie.
* Ons moet vir mekaar bid en in besonder vir almal se geestelike welstand. Ons dink aan ons senior lidmate wat ingeperk bly. Baie van ons lidmate ervaar groot spanning met die “tuiswerk” wat hulle moet doen en die onsekerheid oor sake wat in die volgende tyd gaan gebeur.
* Sterkte vir almal wat met die skole gemoeid is. Ons bid vir elke ouer, en elke ouma en oupa wat kinders moet help versorg, al ons kinders en onderwysers, totdat ons weer “so normaal as moontlik” kan aangaan.
* Sterkte matrieks met julle jaar wat anders verloop as wat die beplanning was.
* Ons is dankbaar dat daar meer toegewings is ten opsigte van ekonomiese bedywighede. Pas die veiligheidmaatreëls asb toe. Die virus is in die dorp en versprei hier ook.
* Ons dink in ons gebede aan Marie Seegers wie se skoonseun, Johan, baie ernstig siek is aan kanker en wat ‘n rugoperasie moet ondergaan, sodat hy weer kan loop.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees tot verdere kennisgewing.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe is afgestel tot na die inperking**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| So 21 Junie | Erika Van Der Walt | B | 083 990 3585 |
| Di 23 Junie | Janko Venter<br>Mauritz Venter | D<br>D | 082 444 0336<br>082 444 0336 |
| Vr 26 Junie | Larochelle Du Rand | B | |
| Sa 27 Junie | Marileen De Witt | B | 081 480 1905 |

Omgewingspitkos

Die merkwaardige van die Bybel is dat dit nie begin met 'n bekendstelling van God nie, maar met 'n magtige proklamasie : In die begin het God die hemel en die aarde geskep (Gen. 1:1). Geen wetenskap kan tot hierdie wysheid kom nie. Dit is 'n besondere openbaring wat God deur sy Woord gemaak het. Hoe God geskep het en wanneer Hy dit gedoen het, word nie geopenbaar nie. Wel waarom Hy dit gedoen het : God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Joh. 3:16). Vanuit hierdie geloofsperspektief word ons verwondering oor God se almag steeds meer en meer soos ons kennis oor die omvang van die skepping groei.

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

"Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê."

Openbaring 3 : 6

